MEDIA24 Tussentydse verslag

MEDIA24 BEHEREND EIENDOMS BEPERK
(In die Republiek van Suid-Afrika geïnkorporeer)
(Registrasienommer 2006/021408/07) (Media24)

Opsomming van die nagegane resultate van die Media24-groep vir die ses maande tot 30 September 2016

WELKOM YIZANI

Media24 het marginale omsetgroei behaal en die eerste ses maande met 'n handelswins van R171m afgesluit. Die daling van 21% in handelswins teenoor die vorige jaar weerspieël die impak van laer advertensie- en sirkulasie-inkomste uit ons tradisionele drukmediabedrywighede, wat vererger is deur hoër insetkoste weens 'n swakker rand. Ons gaan voort om ons gehore en kliënte aktief van druk- na digitale platforms te migreer deur middel van produkinnovasie, meestal aan die mobiele kant. Ons beleggings in e-handel deur die aanlyn modehandelaar Spree sowel as On the Dot se pakhuis- en vervullingsbesigheid het sterk omsetvertonings gelewer, maar die aanlynwerwingsportaal Careers24 is gekortwiek deur 'n lustelose ekonomie.

FINANSIËLE OORSIG

Gekonsolideerde omset van bykans R4mjd vir die tydperk is marginaal hoër as die vorige jaar. Digitale advertensies toon steeds goeie groei van bykans 14% en inkomste uit digitale intekenings het met 13% teenoor die vorige jaar gestyg. In ooreenstemming met bedryfstendense het drukmedia-advertensies (-9% jaar tot jaar) en -sirkulasie (-11% jaar tot jaar) verder gedaal, terwyl drukmedia-intekenings met 2% teenoor die vorige jaar gegroei het. Ons e-modebesigheid, Spree, het 'n sterk omsetvertoning gelewer met groei van 84%. Omset uit boekuitgewery het met 22% afgeneem weens die verkoop van Leserskring/Leisure Books, terwyl omset uit ander bronne soos ons nuwe Afrikaanse leefstyl-televisiekanaal, VIA, en Novus se sneespapiervervaardigingsaanleg met 15% toegeneem het. Omset uit drukwerk is 8% hoër, danksy addisionele werk vir nie-mediakliënte.

Die daling van 21% in handelswins is hoofsaaklik weens die impak van laer omset uit ons tradisionele drukmediabesighede tesame met 'n styging van 6% in insetkoste. Die belegging van R115m in groeigeleenthede is minder as die vorige jaar; omsetgroei het kostegroei oorskry as deel van ons fokus om hierdie geleenthede winsgewend te maak. Voortgesette klem op kostebesparings oor alle bedrywighede heen het beduidend bygedra tot die laer verkoops-, algemene en administratiewe uitgawes van R134m (-12%). Kernwesensverdienste vir die tydperk toon 'n verlies van R15m teenoor 'n wins van R36m in die vorige jaar. Bestuur van ons kontantreserwes, bedryfskapitaal in die besonder, bly 'n sleutelprioriteit. Seisoenale faktore het gelei tot 'n tydelike toename in voorraad en handelsdebiteure, wat in die derde kwartaal van ons finansiële jaar na normale vlakke behoort terug te keer.

Op 14 September 2016 het Media24 aangekondig dat 'n ooreenkoms met IRESS, 'n tegnologiespesialis in finansiële markte, gesluit is vir die verkoop (onderhewig aan regulatoriese goedkeuring) van ons finansiëledatadienste-besigheid INET BFA vir R149,6m kontant. 'n Waardedaling van R22m ten opsigte van klandisiewaarde is tydens die herklassifikasie van INET BFA as 'n gehou-vir-verkoop-belegging erken. Die Reserwebank het die transaksie ná 30 September 2016 goedgekeur en bestuur het die transaksie gefinaliseer.

Dividende van R39,3m is op 29 Augustus verklaar vir betaling aan aandeelhouers.

BEDRYWIGHEDE

24.com, ons digitalemedia-afdeling, lewer nou daagliks meer as 11m bladlese oor alle platforms heen (103% meer as die vorige jaar), waarvan 80% via mobiele blaaiers en apps. News24 bly die onbetwiste markleier in digitale nuus in die land en die intekenaarplatform vir digitale nuus in Afrikaans, Netwerk24, het welkome groei getoon. News24 het meer as 55m bladlese behaal tydens slegs drie dae se dekking van die plaaslike verkiesing, aangehelp deur naatlose integrasie van interaktiewe uitslae en kaarte oor tradisionele, mobiele en app-platforms heen. Net die Elections24-app alleen het in dié tyd meer as 215 000 gebruikers gelok. Ons het die leefstylhandelsmerk Women24 ook gedurende die tydperk as W24 herbekendgestel. W24 is ontwerp vanuit 'n mobiel-eerste perspektief om 'n beter gebruikerservaring te bied; die gevolg was 'n onmiddellike toename in sowel gebruikers as advertensie-inkomste.

Ons aanlyn modebesigheid, Spree, het sterk groei in bestellings (79% meer as die vorige jaar) en verkope (84% hoër as die vorige jaar) getoon – veral via sy inkopie-app. Ons het nuwe funksionaliteit oor alle platforms heen ontplooi, 'n tweede pakhuis gevestig, in Johannesburg, om vinniger by die mark uit te kom, en die produkportefeulje verder uitgebrei met nuwe handelsmerke (waaronder Puma) en plaaslike ontwerpers. Aan die e-vervullingskant het ons nuwe kleinhandelskliënte gewerf en bestaande kontrakte verleng. Tydgleuf-aflewerings is in sommige gebiede begin en 'n klik-en-kom-haal-oplossing is ontwikkel vir multikanaal-kleinhandelaars sodat klante hul pakkies in winkels kan afhaal.

Ondanks uitdagende handelstoestande en sterk mededinging het Careers24 dubbelsyfer-omsetgroei teenoor die vorige jaar behaal, hoofsaaklik danksy 'n toename in eenmalige adverteerders en werwingsadvertensies. Ons gaan voort met die integrasie van sowel nuwe dienste soos salaris- en werkgewer-resensies as opleidingskursusse in vennootskap met gerekende verskaffers van onderrigtegnologie ten einde ons posisie as die voorste loopbaanontwikkelingsplatform onder werksoekers te verskans.

Media24 Nuus het weereens goeie resultate aangeteken, hoofsaaklik danksy kostebesparings in sy bedrywighede. Ons bly die grootste koerantuitgewer in Suid-Afrika gemeet aan druksirkulasie, -advertensies en -leserstal. Daily Sun is steeds die voorloper onder dagblaaie in die land en Soccer Laduma het sy eerste plek onder weeklikse betaalkoerante behou. Ons het verskeie pryse by vanjaar se Standard Bank Sikuvile-toekennings vir joernalistiek ingepalm, waaronder die gesogte Frewin- (Beeld), McCall- (Volksblad) en Joel Mervis- (Beeld, medewenner) trofee en individuele pryse vir multimedia-, diepte- en grafiese joernalistiek. Ons portefeulje van plaaslike koerante het weereens sterk vertoon.

Die Leefstylafdeling het sy markleierskap gehandhaaf gemeet aan druksirkulasie, -advertensies en die leserstal van ons uitstekende stal tydskrifte. Verkeer en inhoudsverbruik oor sy digitale eiendomme heen het dubbelsyfergroei opgelewer en die portefeulje se gesamentlike sosialemediagehoor het die sewemiljoenkerf gedurende die halfjaar verbygesteek. Ons gee ses van die bedryf se toptien-verbruikerstydskrifte uit, met Huisgenoot, YOU, Kuier en Move! in die eerste vier plekke. Huisgenoot het in Mei sy honderdste bestaansjaar gevier – 'n trotse mylpaal – en sy spesiale eeufeesuitgawe was 'n wegholsukses. Die afdeling se advertensieverkoopspanne was uitblinkers in die tydskrifkategorie by vanjaar se MOST-pryse, waarmee uitnemende diens en produkinnovasie in die bedryf erken word.

On the Dot se medialogistiekafdeling het 'n stewige ommeswaai teenoor die vorige jaar getoon, gerugsteun deur 'n voortgesette fokus op doeltreffendheid. Ons het ons pamfletnetwerk uitgebrei met die verkryging van 'n Namibiese verspreider.

In die Boekesegment het NB-Uitgewers sy leiersposisie in die plaaslike mark behou. Plaaslike skoolboekverkope strook met verwagtinge, en skoolbestellings in Botswana was hoër as die vorige jaar en sal moontlik verdere stukrag kry met die toevoeging van die Pentagon-lys. Via Afrika het voortgebou op sy markleier-aanbod in digitale onderrig en sy e-leerinisiatiewe verder uitgebrei. Onrus op kampusse en 'n daling in inskrywings aan Unisa het die akademiese mark negatief geraak. Jonathan Ball Publishers het voordeel getrek uit uitsonderlike verkope van onder meer die nuwe Harry Potter-boek en sy verkoops- en winsverwagtinge vir die halfjaar oorskry.

Novus Holdings het die afgelope halfjaar taai handelstoestande trotseer. Volumes in die kerndrukafdeling was marginaal laer, terwyl 'n beduidend swakker rand 'n negatiewe impak op die algehele finansiële prestasie gehad het. Die groep het sy diversifisering na natgomdrukwerk en sneespapiervervaardiging voortgesit. Die etiketuitbreidingsprojek het gedurende die tydperk winsgewend geraak, gerugsteun deur verbeterde produksieprosesse en verhoogde verkope, en sneespapierkapasiteit word tans uitgebrei.

AANBIEDINGSGRONDSLAG

Die gekonsolideerde finansiële inligting vir die halfjaar geëindig 30 September 2016 is opgestel ooreenkomstig IAS 34 *Tussentydse Finansiële Verslagdoening*.

Die rekeningkundige beleid wat vir die tussentydse resultate gebruik is, strook met dié wat gevolg is met die opstel van die vorige finansiële state en met Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde (IFRS).

Kernwesensverdienste sluit eenmalige en nie-bedryfsitems uit. Na ons mening is dit 'n nuttige maatstaf van die groep se volhoubare bedryfsprestasie. Dit is egter nie 'n omskrewe term ingevolge IFRS nie en is nie noodwendig vergelykbaar met maatstawwe met soortgelyke name wat deur ander maatskappye in hul verslae gebruik word nie.

Die tussentydse verslag is onder toesig van Abduraghman Mayman (GR)SA, finansiële hoof van die Media24 Beherend-groep tot 31 October 2016, opgestel. Cindy Hess is met ingang van 1 November 2016 as die finansiële hoof van die Media24 Beherend-groep aangestel in die plek van Abduraghman Mayman wat einde April 2017 sal aftree.

VERSLAG VAN DIE ONAFHANKLIKE OUDITEUR

Die resultate vir die tydperk geëindig 30 September 2016 is deur die maatskappy se ouditeur, PricewaterhouseCoopers Geïnk., nagegaan en 'n afskrif van die ongekwalifiseerde verslag is op aanvraag by die maatskappy se geregistreerde kantoor beskikbaar. Enige verwysing na toekomstige finansiële prestasie in hierdie aankondiging is nie deur PricewaterhouseCoopers Geïnk. nagegaan nie en hulle het nie daaroor verslag gedoen nie.

Namens die direksie

Rachel Jafta
Voorsitter

Esmaré Weideman
Uitvoerende hoof

Kaapstad
25 November 2016

GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN WINS OF VERLIES

	Ses maande geëindig 30 September		Jaar geëindig 31 Maart
	2016 Nagegaan R'm	2015 Nagegaan R'm	2016 Geoudit R'm
Omset	**3 989**	3 986	8 116
Koste om dienste te lewer en goedere te verkoop	**(2 889)**	(2 716)	(5 549)
Verkoops-, algemene en administratiewe uitgawes	**(948)**	(1 082)	(2 213)
Ander verliese	**(22)**	–	(70)
Bedryfswins	**130**	188	284
Rente ontvang	**14**	16	31
Rente betaal	**(7)**	(13)	(23)
Ander finansieringskoste – netto	**(18)**	(23)	(23)
Belang in ekwiteitsverantwoorde resultate van geassosieerde maatskappye	**(2)**	(2)	(2)
Belang in ekwiteitsverantwoorde resultate van gesamentlike ondernemings	**12**	13	22
(Verlies)/Wins met verkoop van beleggings	**(3)**	–	34
Wins voor belasting	**126**	179	323
Belasting	**(97)**	(103)	(220)
Wins vir die tydperk	**29**	76	103
Toeskryfbaar aan:			
Aandeelhouers van die groep	**(43)**	(11)	(79)
Nie-beherende belang	**72**	87	182
	29	76	103
Kernwesens(verlies)/-verdienste vir die tydperk	**(15)**	36	21
Wesensverlies vir die tydperk	**(17)**	(12)	(45)

REKONSILIASIE VAN BEDRYFSWINS NA HANDELSWINS

	Ses maande geëindig 30 September		Jaar geëindig 31 Maart
	2016 Nagegaan R'm	2015 Nagegaan R'm	2016 Geoudit R'm
Bedryfswins	**130**	188	284
Amortisasie van ontasbare bates	**4**	5	11
Ekwiteitsverrekende aandeelgebaseerde betalingskoste	**15**	24	35
Ander verliese	**22**	–	70
Handelswins	**171**	217	400

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE

	Ses maande geëindig 30 September		Jaar geëindig 31 Maart
	2016 Nagegaan R'm	2015 Nagegaan R'm	2016 Geoudit R'm
Wins vir die tydperk	**29**	76	103
Totale ander omvattende inkomste, na belasting, vir die tydperk	**–**	37	7
Kontantvloeiskanse	**1**	50	5
Aktuariële hermetingsreserwe	**–**	(1)	1
Beweging in ander reserwes	**(1)**	2	3
Belasting op ander omvattende inkomste	**–**	(14)	(2)
Totale omvattende inkomste vir die tydperk	**29**	113	110
Toeskryfbaar aan:			
Aandeelhouers van die groep	**(43)**	14	(73)
Nie-beherende belang	**72**	99	183
	29	113	110

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN VERANDERINGS IN EKWITEIT

	Ses maande geëindig 30 September		Jaar geëindig 31 Maart
	2016 Nagegaan R'm	2015 Nagegaan R'm	2016 Geoudit R'm
Saldo aan die begin van die tydperk	**3 191**	3 424	3 424
Totale omvattende inkomste vir die tydperk	**(43)**	14	(73)
Veranderings in ander reserwes	**(95)**	(245)	(233)
Beweging in aandeelgebaseerde vergoedingsreserwe	**6**	13	25
Beweging in ander reserwes	**(62)**	(13)	(4)
Beweging in teruggehoue verdienste	**–**	–	(9)
Dividende aan aandeelhouers betaal	**(39)**	(245)	(245)
Veranderings in nie-beherende belang	**(7)**	2	73
Totale omvattende inkomste vir die tydperk	**72**	99	183
Dividende betaal aan minderhede	**(83)**	(75)	(91)
Beweging in nie-beherende belang in reserwes	**4**	(22)	(19)
Saldo aan die einde van die tydperk	**3 046**	3 195	3 191
Bestaande uit:			
Aandelekapitaal en -premie	**4 867**	4 867	4 867
Teruggehoue verdienste	**(640)**	(489)	(558)
Aandeelgebaseerde vergoedingsreserwe	**103**	84	96
Bestaandebeheer-besigheidsamevoegingsreserwe	**(3 646)**	(3 584)	(3 584)
Kapitaalbydrae	**1 077**	1 077	1 077
Verskansingsreserwe	**(2)**	18	(3)
Aktuariële hermetingsreserwe	**(22)**	(23)	(22)
Valutaomrekeningsreserwe	**22**	21	23
Nie-beherende belang	**1 287**	1 224	1 295
Totaal	**3 046**	3 195	3 191

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE

	Ses maande geëindig 30 September		Jaar geëindig 31 Maart
	2016 Nagegaan R'm	2015 Nagegaan R'm	2016 Geoudit R'm
BATES			
Nie-bedryfsbates	**3 330**	3 493	3 362
Bedryfsbates	**2 921**	2 817	2 545
Nie-bedryfsbates geklassifiseer as gehou vir verkoop	**179**	29	63
Totale bates	**6 430**	6 339	5 970
EKWITEIT EN LASTE			
Kapitaal en reserwes	**3 046**	3 195	3 191
Nie-bedryfslaste	**517**	596	535
Bedryfslaste	**2 838**	2 548	2 244
Nie-bedryfslaste geklassifiseer as gehou vir verkoop	**29**	–	–
Totale ekwiteit en laste	**6 430**	6 339	5 970

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN KONTANTVLOEI

	Ses maande geëindig 30 September		Jaar geëindig 31 Maart
	2016 Nagegaan R'm	2015 Nagegaan R'm	2016 Geoudit R'm
Kontantvloei (aangewend in)/gegenereer uit bedryfsaktiwiteite	**(208)**	201	654
Kontantvloei aangewend in beleggingsaktiwiteite	**(122)**	(175)	(331)
Kontantvloei aangewend in finansieringsaktiwiteite	**(239)**	(218)	(296)
Netto beweging in kontant en kontantekwivalente	**(569)**	(192)	27
Valutaomrekeningseffek	**–**	1	1
Kontant en kontantekwivalente aan die begin van die tydperk	**519**	491	491
Kontant en kontantekwivalente aan die einde van die tydperk	**(50)**	300	519

VERPLIGTINGE

	Ses maande geëindig 30 September		Jaar geëindig 31 Maart
	2016 Nagegaan R'm	2015 Nagegaan R'm	2016 Geoudit R'm
Kapitaalbesteding	**42**	102	92
Bedryfshuurverpligtinge	**201**	196	224
Verpligtinge	**243**	298	316

FINANSIËLE INSTRUMENTE

	Billikewaarde-metings op 30 September 2016 gegrond op:		
	Gekwoteerde pryse in aktiewe markte vir identiese bates of verpligtinge (vlak 1) R'm	**Beduidende ander waarneembare insette (vlak 2) R'm**	**Beduidende onwaarneembare insette (vlak 3) R'm**
Die billike waarde van die groep se finansiële instrumente wat met elke verslag-doeningstydperk teen billike waarde gedra word, word soos volg gekategoriseer:			
Bates			
Valutatermynkontrakte	**–**	**2**	**–**
Laste			
Valutatermynkontrakte	**–**	**19**	**–**
	Billikewaarde-metings op 30 September 2015 gegrond op:		
Bates			
Valutatermynkontrakte	–	48	–
	Billikewaarde-metings op 31 Maart 2016 gegrond op:		
Bates			
Valutatermynkontrakte	–	5	–
Laste			
Valutatermynkontrakte	–	18	–

BEREKENING VAN WESENS- EN KERNWESENSVERDIENSTE/(-VERLIES)

	Ses maande geëindig 30 September		Jaar geëindig 31 Maart
	2016 Nagegaan R'm	2015 Nagegaan R'm	2016 Geoudit R'm
Netto verlies toeskryfbaar aan aandeelhouers	**(43)**	(11)	(79)
Aangesuiwer vir:			
– Waardedaling van klandisiewaarde/ander bates	**27**	–	71
– Wins met verkoop van eiendom, aanleg, toerusting en ontasbare bates insluitend versekeringsopbrengste	**(4)**	(1)	(3)
– Verlies/(Wins) met verkoop van beleggings	**3**	–	(32)
Totale belastingeffek van aansuiwerings	**–**	–	(1)
Totale aansuiwering vir nie-beherende belang	**–**	–	(1)
Wesensverlies	**(17)**	(12)	(45)
Aangesuiwer vir:			
– Amortisasie van ontasbare bates	**3**	5	12
– Valuta(winste)/-verliese	**(11)**	24	30
– Ekwiteitsverrekende aandeelgebaseerde betalingskoste	**10**	19	24
Kernwesens(verlies)/-verdienste	**(15)**	36	21

Direkteure
R C C Jafta (voorsitter), J P Bekker, S S de Swardt, J C Held, G M Landman, A Mayman, D Meyer, T D Petersen, E Weideman, H S S Willemse

Maatskappysekretaris
L J Klink

Geregistreerde kantoor
Heerengracht 40, Kaapstad 8001 (Posbus 2271, Kaapstad 8000)

Oordragsekretaris
Equity Express, 'n afdeling van Singular Systems Eiendoms Beperk
Corlettrylaan 71, Birnam 2196 (Posbus 1266, Bramley 2018)

pwc

INDEPENDENT AUDITOR'S REVIEW REPORT ON INTERIM FINANCIAL STATEMENTS

To the Shareholders of Media24 Holdings Proprietary Limited
We have reviewed the condensed consolidated interim financial statements of Media24 Holdings Proprietary Limited in the accompanying interim report, which comprise the condensed consolidated statement of financial position as at 30 September 2016 and the related condensed consolidated statements of comprehensive income, changes in equity and cash flows for the six-months then ended, and selected explanatory notes.

Directors' Responsibility for the Interim Financial Statements
The directors are responsible for the preparation and presentation of these interim financial statements in accordance with the International Financial Reporting Standard, (IAS) 34 Interim Financial Reporting, the SAICA Financial Reporting Guides as issued by the Accounting Practices Committee and Financial Pronouncements as issued by the Financial Reporting Standards Council and the requirements of the Companies Act of South Africa, and for such internal control as the directors determine is necessary to enable the preparation of interim financial statements that are free from material misstatement, whether due to fraud or error.

Auditor's Responsibility
Our responsibility is to express a conclusion on these interim financial statements. We conducted our review in accordance with International Standard on Review Engagements 2410, Review of Interim Financial Information Performed by the Independent Auditor of the Entity. ISRE 2410 requires us to conclude whether anything has come to our attention that causes us to believe that the interim financial statements are not prepared in all material respects in accordance with the applicable financial reporting framework. This standard also requires us to comply with relevant ethical requirements.

A review of interim financial statements in accordance with ISRE 2410 is a limited assurance engagement. We perform procedures, primarily consisting of making inquiries of management and others within the entity, as appropriate, and applying analytical procedures, and evaluate the evidence obtained.

The procedures in a review are substantially less than and differ in nature from those performed in an audit conducted in accordance with International Standards on Auditing. Accordingly, we do not express an audit opinion on these interim financial statements.

Conclusion
Based on our review, nothing has come to our attention that causes us to believe that the accompanying condensed consolidated interim financial statements of Media24 Holdings Proprietary Limited for the six months ended 30 September 2016 are not prepared, in all material respects, in accordance with the International Financial Reporting Standard, (IAS) 34 Interim Financial Reporting, the SAICA Financial Reporting Guides as issued by the Accounting Practices Committee and Financial Pronouncements as issued by the Financial Reporting Standards Council and the requirements of the Companies Act of South Africa.

PricewaterhouseCoopers Inc.

PricewaterhouseCoopers Inc.
Director: V. Harri
Registered Auditor
Cape Town
21 November 2016